

Kepse vir parmante

BENODIGDHEDE

Klein hoeveelheid vierdraadlyn; hekelpen van 3,50 mm – vir elk van baret en mus.

MATE

Baret: sowat 48 cm rondom by rand.

Mus: sowat 38 cm rondom by onderrand.

AFKORTINGS

gs – glipsteek; ks – kettingsteek; kb – kortbeen; hlb – halflangbeen; lb – langbeen; dsl – dubbelslagsteek; st(e) – steek(steke); sp(s) – spasië(s), gevorm deur 1lb en 1ks; beg – begin; vermeer – vermeerdering, (1lb, 1ks, 1lb) in dieselfde st of sp; herh – herhaal; osk – oop skulp, (2lb, 2ks, 2lb) in dieselfde st of sp; sk – skulp, 5lb in dieselfde st of sp; vlg – volgende; tr – trossie, 1 onafgewerkte lb in elk van vlg 2 sps of ste, hou laaste lus van elkeen op pen, gare rondom hekelpen en trek deur al 3 lusse op pen. **Let wel:** 3ks vervang altyd 1e lb van 'n rondte of ry; 'n rondte word gesluit met sluit-gs, 'n glipsteek in 3e van 3 begin-ks van rondte.

BARET

Beg deur draad om wysvinger van linkerhand te draai om 'n ring te vorm, maak 20lb in ring, trek styf vas, sluit met gs.

2e rondte: (1lb, 1ks) in elke lb, sluit-gs.

3e rondte: Gs tot in sp, [vermeer, (1ks, 1lb in sp) 3 keer, 1ks] 5 keer, sluit-gs.

4e en 5e rondte: Soos 3e rondte, maar met telkens (1ks, 1lb) meer in herh.

6e rondte: [Osk in vermeer-sp, 1ks, (1lb in sp, 1ks) 6 keer] 5 keer, gs oor lb tot in osk.

7e rondte: (Vermeer, 5 sps) 10 keer, sluit-gs.

8e rondte: (Vermeer, 6 sps) 10 keer, sluit-gs.

9e rondte: 1lb in lb, 1lb in sp; herh rondom, sluit-gs.

10e-13e rondte: Sps rondom.

14e rondte: 4ks vir 1e sp; *6sps, 1tr oor vlg 2 sps; herh van * rondom, eindig met 1lb, gs in 3e van 4 beg-ks.

15e en 16e rondte: Soos 14e rondte, plaas die tr bokant die tr van vorige rondte.

17e rondte: 1hlb in elke lb en elke sp rondom – 86hlb.

18e en 19e rondte: Deurgaans hlb, steek hekelpen in agterste lusse.

20e rondte: Kb van links na regs in elke st. Knip werkdraad af en werk af.

MUS

Beg by riffelrand, 1e ry: 15ks, draai, 1kb in 4e ks vanaf hekelpen, 12kb, 3 draai-ks.

Hekel deurgaans in agterste lusse; beg by 2e lus, maak 12kb, draai met 3ks; herh tot 35 riffs voltooi is – 70 ry.

Plaas opstelrand en laaste gehekelde ry teen mekaar, werk vas met gs deur agterlus van laaste ry en voorste lus van basisry, 12 keer; dit voltooi die riffelrand.

Kroonvorming: Draai, gs tot in 3ks-sp.




foto MARC BOW; modelle ANTON en Geunella

Hekel 'n oulike mussie of 'n baret van lyn vir jou kleinding

1e rondte: 2lb in elke sp rondom, sluit-gs – 70lb.

2e en 3e rondte: lb in lb, sluit-gs.

4e rondte: (8lb, 1tr) 7 keer, sluit-gs.

5e rondte: (7lb, 1tr) 7 keer, sluit-gs.

Gaan so voort tot 9e rondte voltooi is.

10e rondte: 14tr. Knip gare af, maar laat 'n stuk wat lank genoeg is om met 'n stomp naald deur alle ste te ryg; ryg deur, trek styf vas, werk af.

LOS BLOMME EN TROSSIES

TROSSIE: Maak lus om vinger soos uiteengesit, hekel 16kb in lus, trek lus styf in, sluit-gs.

Hekel (15 ks, 3lb in 4e ks vanaf pen, 3lb in elk van vlg 8ks, gs in 1e ks, gs oor 2kb), herh soos benodig. Dié versiering kan (met 'n haakspeld

aan binnekant van mus) vasgespeld word.

LOS BLOMME: Maak lus soos uiteengesit, 12kb in lus, trek styf vas.

In voorste lusse van kb maak (2lb in 1e st, 1lb in elk van vlg 2 ste) 4 keer, sluit-gs.

Gaan voort met 3ks, gs in agterkant van kb in basisry: (3ks, 1kb in 3e st) 4 keer, sluit-gs. Maak in elke 3ks-sp (1kb, 5lb, 1kb), sluit met gs. Knip gare af.

Maak soveel blomme soos benodig.

gehekel deur SARIE FREEMAN

lyn beskikbaar by naaldwerkwinkels; BRASCH HOBBY versprei dit – navrae (011) 493-9100